VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

Sondag:	Leah Grobler, Riaan Lourens, Marijke Weitsz.
Maandag:	Jani Brink, Mihané McLeod, Johann Strauss, Magda van Niekerk, Robin Williams.
Dinsdag:	Anna Mare Hesse, Danelle Jacobs, Bernadette Marais, Lian Morkel.
Woensdag:	Flip Botha, Dalene Gerryts, Juan Janse van Vuuren, Tanya Scheffer, Louisa van der Westhuizen.
Donderdag:	Lienmari Loedolff, Elmarie Scholtz.
Vrydag:	Antjie Boshoff, Lood Botma, Marlene Brynard, Monique Fisher, Hennie Fouché, Kara Gordon, Hotzé Hugo, Adri Human, Kosie Human, Marli Human, Max Oosthuizen.
Saterdag:	Maritha Botha, Lisa Myburgh, Eugene Pienaar, Werda Stanley.

Daar is nog twee Xhosa Bybels beskikbaar by die kerkkantoor teen R120 elk.

Mooiberge Bediening (Senior Lidmate)

Geleentheid om Bybelstudie te lei by Mount View.

As jy kans sien om een maal per maand (op 'n Donderdag 10:00) by Mount View 'n kort boodskap / Bybelstudie te hou - kontak asseblief vir ds Hennie (0828595646) of die kerkkantoor

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.

Leraars: Samantha Chamberlain 082 379 4567 sam@nghottentotsholland.co.za
Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **E-pos:** yolandi@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
Direkte Erediens-uitsendings: https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/
YouTube adres: https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
Potgooi: https://bit.ly/3SXY7FI

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 9 MAART 2025

WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

Vandag is die eerste Sondag in Lydenstyd

09:00: SAMANTHA CHAMBERLAIN
SKRIFLESING: HEBREËRS1:1-4
TEMA: GERED OM TE GETUIG

Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.

"Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand."

– Hebreërs 1:3

Vandag se deuroffer: Huis Andrew Murray

Huis Andrew Murray sorg daagliks vir ongeveer 144 sorgbehoewende kinders (ouderdom 3-18 jaar) wat wees gelaat is of deur die kinderhof uit ouerlike sorg verwyder is. Die kinderhuis bevorder vanuit 'n Christelike lewens-beskouing die volledige en gesonde ontwikkeling van die kinders op religieuse, opvoedkundige, fisiese, sosiale en psigiese terrein d.m.v multi-dissiplinêre dienste.
Daar is 12 wooneenhede waarin tot 12 kinders van verskillende ouderdomme versorg word deur 'n inwonende kinder-en jeugversorger.
Die staat se subsidie is onvoldoende om al die nodige dienste te voorsien en die bestuur is verplig om hulp vanuit die gemeenskap te soek.
Ons Gemeente aanvaar verantwoordelikheid vir Huis Jakaranda.
Ons is baie dankbaar vir die Gemeente se bydraes in die verlede en veral dankaar vir die ruim ondersteuning van die skoendoosprojek waar ons vir elke kind in die inrigting 'n kers-skoenboks kan gee.
Daar is egter baie behoeftes en ondersteuning deur Geloofgelofte-offers kan in die gemeente se rekening inbetaal word met verwysing GGO/HAM. Vir meer inligting kontak **Estelle Myburgh by 061 073 8820**

Volgende week se deuroffer: Barmhartigheid - Gemeentelede

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag:	10:00	Kom kuier saam (Familiekamer)
	18:30	Kerkraadsvergadering (Familiekamer)
Woensdag:	08:45	Bybelstudie (Familiekamer) - Ester
	10:00	Bybelstudie by Huis Vonke - Hanna
	15:00	Diens by Lancelot
Sondag:	10:00	Kategese-afsluiting in die kerk se tuin

Mooiberge-Byeenkoms Kom kuier saam!

Ons Maart-kuier-geleentheid vind plaas op Dinsdag, **11 Maart, 10:00**, Almal wat nie meer elke dag "op kantoor" hoef te wees nie, is welkom om om saam te kom kuier. Ons leer ken mekaar, luister na mekaar se kom-vandaan-stories en drink saam tee.

Danie Pienaar, 'n oud-gemeentelid het onlangs 'n boek oor die **Strand se geskiedenis** geskryf, en kom deel met ons 'n paar interessante stories oor *toeka se dae* in hierdie omgewing Doen asseblief moeite om die funksie by te woon en bring ook jou vriende saam. Jy hoef nie vooraf te laat weet dat jy kom nie.

ONS VIER DIE EINDE VAN DIE KWARTAAL MET 'N KATEGESE KUIER

Alle kinders met hulle ouers is welkom

- ◊ **16 Maart**
- ◊ In die kerktuin
- ◊ Na die erediens
- ◊ Bring jou eie piekniekmandjie
- ◊ Bring eie kampstoele en/of komberse
- ◊ Vure sal brand - indien jy ietsie wil kom braai
- ◊ 'n **GROOT** verrassing vir die kinders

Drink tee / koffie saam met die dominee/s

Dinsdagaand 18 Maart, 19:00

Die bedoeling van hierdie kwartaallikse geleentheid is om mekaar te ontmoet, en ook om vrae te vra en voorstelle te maak.
Doen gerus moeite en woon hierdie geleentheid by.

- Akkommodasie in huisies of jou eie tent/karavaan
- Koste beloop R200 per persoon vir die naweek
- As jy dalk net Vrydagaand of net Saterdagaand kan saam kuier sal dit steeds lekker wees om jou daar te hê
- Sondagoggend se erediens is vir enige iemand - al kan jy dalk nie die naweek saam kamp nie
- Bespreek asb. vroegtydig, sodat ons die reëlings kan finaliseer: Yolandi@nghottentotsholland.co.za

Kategese Gr R-3

Hulp benodig om klassies aan te bied asb.

Ons het 'n wonderlike groot groep kinders wat elke Sondag oggend voor op die mat kom sit tydens Kindertyd. Tans is die hele groep saam in een kategese klassie wat tydens die diens bymekaarkom. Ons sal graag hulle wil verdeel in twee groepe, maar daarvoor het ons meer volwassenes nodig om die klassies aan te bied. Die droom is om ten minste drie volwassenes per groep te hê, dan hoef almal nie elke Sondag aan diens te wees nie. Oorweeg asseblief om deel van hierdie bediening

Wil jy graag 'n voorouer vir 'n seun in Huis Andrew Murray wees?

Wat behels dit om 'n voogouer te wees:

- R1500 per jaar (Dit dek sy sakgeld, verjaardaggeskenk en -koek)
- Bywoning, indien moontlik, van 3 geleenthede:
  Ma & kind-oggend, bederf-ete by die Spur en die Kerspartytjie

Kontak vir Estelle vir verdere inligting: 061 073 8820